## Vroegherfs

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,

tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte mőre witter staan.

O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;

laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verksyn.

Digter: N.P. van Wyk Louw (1906-1970).

Bron: Vier gebede by jaargetye in die Boland (1937). in D.J.Opperman. *Groot Verseboek*, Tafelberg, Kaapstad, eerste druk 1951, tweede druk 1986.

Stichting Dibana
Taal > wereld van ontmoeting

**Steun onze taal- en onderwijsprojecten! Donaties zijn zeer welkom: NL05INGB 0004556117 tnv. Stichting Dibana te Veenendaal.**